Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IECONA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND.
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN vraag in die ANTWOORDEBOEK.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke vraag.

3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae sorgvuldig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2–3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg en inhoud van jou antwoorde aan die kognitiewe vlakke van die vrae voldoen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Gebruik swart of blou pen.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B of C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9. C.

1.1.1 ’n Persoon wie die produksiefaktore in ’n doeltreffende manier saamvoeg.

A Verbruikers
B Staatsamptenare
C Entrepreneur

1.1.2 Om basiese prys na markpryse om te skakel, moet belastings op produkte ... word.

A afgetrek
B bygetel
C vermenigvuldig

1.1.3 In ’n sentraal beplande ekonomie word alle probleme deur ... opgelos.

A privaat individue
B die regering
C produsente

1.1.4 Eskom wek elektrisiteit in Suid-Afrika op, deur hoofsaaklik van ... gebruik te maak.

A water
B wind
C steenkool

1.1.5 Word gehef op winste gerealiseer met die verkoop van kapitaalgoedere, byvoorbeeld eiendomme en aandele.

A Oordragkoste
B Kapitaalwinsbelasting
C Rykdom-belastings

1.1.6 ’n Toename in die produksie van goedere en dienste in ’n land oor ’n tydperk van ’n jaar.

A Ekonomiese ontwikkeling
B Ekonomiese groei
C Investering

1.1.7 Mense wat minder werk as wat hulle kan, is ... in diens geneem.

A onder
B meer
C semi

1.1.8 'Fiat geld' ...

A het intrinsieke waarde.
B is Kruger Rande.
C het waarde slegs omdat dit algemeen as 'n ruilmiddel aanvaar word. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 I.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Ekonomiese huur | A | gebeur wanneer die waarde van alle uitsette van al die ondernemings in die ekonomie net bymekaargetel word |
| 1.2.2 | Dubbeltelling | B | gee die beste moontlike uitkoms met 'n gegewe stel omstandighede |
| 1.2.3 | Optimum mengsel | C | finansiële bystand wat nie terugbetaal moet word nie |
| 1.2.4 | Gemeenskaps-dienste | D | die bedrag geld wat 'n natuurlike hulpbron verdien bo en behalwe sy oordrag verdienste |
| 1.2.5 | Produktiwiteit | E | sluit beskerming, sanitasie en water in |
| 1.2.6 | Gini-koëffisiënt | F | 'n statistiese maatstaf wat gebruik word om die ongelykheid van inkome verdeling uit te druk |
| 1.2.7 | Kontantreserwes | G | die waarde van bankbates wat gehou word in die vorm van kontant om die dag-tot-dag onttrekkings deur kliënte asook finansiële verpligtinge na te kom |
| 1.2.8 | Toelae | H | verhouding tussen reële uitset en inset |
| | | I | die verspreiding van rykdom tussen lande van die wêreld |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN ekonomiese begrip vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die begrip langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die bedrag wat ŉ werker elke dag, elke week of aan die einde van ŉ maand ontvang

1.3.2 Goedere wat verbruik of vernietig word wanneer dit gebruik word

1.3.3 ŉ Regering se verkoop van meer as 50% van sy aandele in sy ondernemings of ander soort diens-ondernemings, aan die privaatsektor

1.3.4 Dui op ŉ toename in die lewensstandaard van die totale bevolking

1.3.5 Word uitgereik deur verbruikersorganisasies en kleinhandelaars, en dit verskaf toegang tot krediet aan verbruikers

1.3.6 Wanneer ŉ land se totale invoere meer as sy uitvoere is (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 2.1.1 Noem enige TWEE vorme van gemeenskap deelname in plaaslike ekonomiese beplanning en aktiwiteite. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verduidelik die begrip *Bruto Binnelandse Produk (BBP)*. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**Sleutel arbeidsmarkveranderlikes 2001 tot 2013 (Maart van elke jaar)**

| | **2001** | **2003** | **2005** | **2007** | **2009** | **2011** | **2013** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werkende bevolking se ouderdom (15–64) | 27 265 | 28 327 | 29 319 | 30 208 | 30 987 | 32 314 | 33 240 |
| Nie-ekonomies aktief | 10 690 | 11 819 | 12 823 | 12763 | 13 166 | 14 832 | 15 017 |
| Arbeidsmag | 16 575 | 16 509 | 16 497 | 17 444 | 17 820 | 17 482 | 18 222 |
| Indiens | 12 494 | 11 666 | 12 503 | 13 326 | 13 636 | 13 118 | 13 621 |
| Werkloos | 4 081 | 4 843 | 3 993 | 4 119 | 4 184 | 4 364 | 4 601 |
| Werkloosheids-koers | 26,6 | 29,3 | 24,2 | 23,6 | 23,5 | **?** | 25,2 |
| Opname-koers | 45,8 | 41,2 | 42,6 | 44,1 | 44,0 | 40,6 | 41,0 |
| Arbeidsmag deelname | 60,8 | 58,3 | 56,3 | 57,7 | 57,5 | 54,1 | 54,8 |

[Bron: Statistiek Suid-Afrika]

2.2.1 Verduidelik die begrip *Nie-ekonomies aktief*. (2)

2.2.2 Bereken die werkloosheidskoers vir 2011. (2)

2.2.3 Watter tendens neem jy waar by die 'werkende bevolking se ouderdom', volgens die tabel? (2)

2.2.4 Noem enige TWEE faktore wat die kwaliteit van ŉ arbeidsmag bepaal. (4)

2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Verduidelik die begrip *'vryemark ekonomie'*. (2)

2.3.2 Wat is die boodskap wat die spotprent oordra? (2)

2.3.3 Wat motiveer verbruikers en produsente in 'n suiwer markekonomie? (2)

2.3.4 Noem enige TWEE voordele van 'n vryemark ekonomie. (4)

2.4 Verduidelik *kapitaal- (intermediêre) goedere en dienste*. (4 x 2) (8)

2.5 Bespreek kortliks die doeltreffendheid in die lewering van sosiale dienste in Suid-Afrika. (2 x 4) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 20 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE faktore wat inkomstevlakke beïnvloed. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom meng die regering in die ekonomie in? (1 x 2) (2)

3.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SAOG**

SAOG se visie is een van ŉ gemeenskaplike toekoms, ŉ toekoms midde-in ŉ streeksgemeenskap wat ekonomiese welstand sal verseker, lewensstandaard en lewenskwaliteit sal verbeter, en vryheid en sosiale regverdigheid, vrede en sekuriteit vir die mense van Suider-Afrika sal bied. Hierdie gedeelde visie is geanker in die gemeenskaplike waardes en beginsels en die historiese en kulturele ooreenkomste wat tussen die mense van Suider-Afrika bestaan.

[Bron: www. Sadc.int]

3.2.1 Noem enige TWEE lande wat deel van die SAOG vorm. (2)

3.2.2 Waarvoor staan die afkorting SAOG? (2)

3.2.3 Noem enige EEN doelwit van die visie van die SAOG volgens die uittreksel. (2)

3.2.4 Noem enige TWEE vorme van ekonomiese integrasie en koöperasie. (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Wat is *bankmislukking*? (2)

3.3.2 Hoe hanteer die Suid-Afrikaanse Reserwebank bankmislukking? (2)

3.3.3 Waarom dink jy is die ou man in die spotprent 'n slagoffer van bank-mislukking? (2)

3.3.4 Noem enige TWEE redes vir bankmislukkings. (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks die doelwitte van die monetêre beleid. (4 x 2) (8)

3.5 Ontleed lae lewensstandaarde en lae vlakke van produktiwiteit as kenmerke van ontwikkelende lande. (2 x 4) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 20 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE soorte mobiele telefone wat in gebruik is. (2 x 1) (2)

4.1.2 Verduidelik die begrip *ekonomies gemarginaliseerde groep*. (1 x 2) (2)

4.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**Reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings**

| **Kategorie** | **2012** | | | **2013** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Jaar** | **1ste Kw** | **2de Kw** | **3de Kw** | **4de Kw** | **Jaar** |
| Duursame goedere | 11,1 | 5,9 | 12,5 | 9,4 | 6,9 | 7,9 |
| Semi-duursame goedere | 6,2 | 7,6 | 8,5 | 7,1 | 3,1 | 6,7 |
| Nie-duursame goedere | 2,7 | 2,4 | 2,7 | 0,5 | 0,2 | 2,2 |
| Dienste | 1,7 | 0,1 | -2.1 | 0,1 | 1,7 | 0,3 |
| **Totaal** | 3,5 | 2,4 | 2,5 | 2,1 | 2,0 | 2,6 |

[Bron: Kwartaallikse Bulletin Maart 2014]

4.2.1 Definieer *finale verbruiksbesteding deur huishoudings*. (2)

4.2.2 Identifiseer die kategorieë waarop huishoudings meeste van hulle inkome in 2012 en 2013 gespandeer het. (2 x 1) (2)

4.2.3 Gee jou eie mening oor die persentasie van verbruiksbesteding in die 4de kwartaal, in vergelyking met die vorige kwartale. (2)

4.2.4 Verduidelik *nie-duursame goedere* en gee voorbeelde. (2 x 2) (4)

4.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA – 'TWEE-DERDES VERSTEDELIK'**

Twee-derdes van Suid-Afrika se bevolking bly nou in stedelike gebiede, volgens die mees onlangse opnames in die land, wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge in Johannesburg vrygestel is. "Die aantal mense wat in stedelike gebied woon het van 52% in 1990 tot 62% in 2011, toegeneem" het die Instituut in ŉ verklaring bevestig. Die aantal mense wat in plattelandse gebiede woon, het van 48% tot 38% oor dieselfde periode gedaal. Dit word verwag dat Afrika se koers van verstedeliking dié van Asië teen 2030 sal oortref. Suid-Afrika se bevolking het gegroei teen 15,5%, of byna 7 miljoen mense, in ŉ kwessie van 10 jaar, om ŉ totaal van 51,7 miljoen in 2011 te bereik, volgens die land se nuutste nasionale sensus.

[Bron: www southafrica. info]

4.3.1 Definieer die begrip *verstedeliking*. (2)

4.3.2 Wat is die redes waarom mense na stedelike gebiede verhuis? Noem enige TWEE redes. (4)

4.3.3 Wat toon die vlak van verstedeliking in ŉ land aan? (2)

4.3.4 Noem enige EEN probleem wat verstedeliking in stede skep. (2)

4.4 Verduidelik kortliks enige TWEE faktore wat die wins van ŉ entrepreneur beïnvloed. (2 x 4) (8)

4.5 Bespreek die doelwitte van NEPAD. (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/ Evalueer /Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/ Gebruik gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

5.1 Ekonome verdeel die ekonomie in drie sektore: primêre, sekondêre en tersiêre sektor. Die rol wat elke sektor speel, verander soos wat die ekonomie meer ontwikkel.

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die primêre sektor in die ekonomie.
- Krities evalueer, die programme wat die regstelling van die grondkwessie in Suid-Afrika aanspreek. **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

6.1 Een van die makro-ekonomiese doelwitte van die regering is om ekonomiese regverdigheid in die land te verseker. Dit beteken dat die regering maatreëls moet instel wat die inkome gaping tussen ryk en arm verklein.

- Bespreek en evalueer die metodes wat deur die regering gebruik word om inkome en rykdom te herverdeel.
- Verduidelik kortliks die redes vir die ongelyke verdeling van inkome. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou 